STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

Registered at the Post Office as a Newspaper

Prys 20c Price
Oorsee 30c Overseas
POSVRY—POST FREE

VOL. 121] KAAPSTAD, 9 JULIE 1975 CAPE TOWN, 9 JULY 1975 [No. 4779

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 1313. 9 Julie 1975.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 62 van 1975: Tweede Wysigingswet op Beheer oor Wyn en Spiritus, 1975.

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER

No. 1313. 9 July 1975.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 62 of 1975: Second Wine and Spirit Control Amendment Act, 1975.

Act No. 62, 1975 SECOND WINE AND SPIRIT CONTROL AMENDMENT ACT, 1975.

ACT

To amend the Wine and Spirit Control Act, 1970, so as to empower the "Ko-operatieve Wijnbouwers Vereniging van Zuid-Afrika, Beperkt" to import brandy into the Republic in certain circumstances; and to provide for matters connected therewith.

(*English text signed by the State President.*)
(*Assented to* 20 *June* 1975.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Insertion of section 45A in Act 47 of 1970.

1. The following section is hereby inserted in the Wine and Spirit Control Act, 1970, after section 45:

"Importation of brandy by vereniging.

45A. (1) Whenever the Minister is of opinion that the quantity of brandy available during any year will be insufficient to meet the estimated needs of the trade in respect of brandy, the vereniging may, notwithstanding anything to the contrary contained in any law, purchase or otherwise acquire outside and import into the Republic such quantity of brandy as the Minister may approve.

(2) The vereniging may sell or supply any brandy imported by it to such wholesale traders or distillers, on such basis, in such quantities and subject to such conditions as it may with the approval of the Minister determine.

(3) Any brandy sold or supplied to wholesale traders or distillers in terms of subsection (2) may be utilized by such traders or distillers for the purposes of trade as if it were the produce of vines in the Republic.

(4) Any brandy imported by the vereniging shall, for the purposes of Chapter I of this Act, and the Wine, Other Fermented Beverages and Spirits Act, 1957 (Act No. 25 of 1957), and any regulations made under the said Chapter or the last-mentioned Act, be deemed to be brandy manufactured from the produce of vines in the Republic and complying with the requirements contemplated in section 9 (1) (*a*) of the said Chapter.".

Short title.

2. This Act shall be called the Second Wine and Spirit Control Amendment Act, 1975.

TWEEDE WYSIGINGSWET OP BEHEER OOR WYN EN SPIRITUS, 1975. Wet No. 62, 1975

WET

Tot wysiging van die Wet op Beheer oor Wyn en Spiritus, 1970, ten einde die „Ko-operatieve Wijnbouwers Vereniging van Zuid-Afrika, Beperkt" die bevoegdheid te verleen om onder sekere omstandighede brandewyn in die Republiek in te voer; en voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

(*Engelse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 20 *Junie* 1975.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Invoeging van artikel 45A in Wet 47 van 1970.

1. Die volgende artikel word hierby in die Wet op Beheer oor Wyn en Spiritus, 1970, na artikel 45 ingevoeg:

„Invoer van brandewyn deur vereniging.

45A. (1) Wanneer die Minister van oordeel is dat die hoeveelheid brandewyn wat gedurende enige jaar beskikbaar is, onvoldoende sal wees om aan die geraamde behoeftes van die handel ten opsigte van brandewyn te voldoen, kan die vereniging, ondanks andersluidende bepalings van die een of ander wet, die hoeveelheid brandewyn wat die Minister goedkeur, buite die Republiek aankoop of op 'n ander wyse verkry en in die Republiek invoer.

(2) Die vereniging kan brandewyn wat hy ingevoer het, aan sodanige groothandelaars of distilleerders, op sodanige grondslag, in sodanige hoeveelhede en onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat hy met die goedkeuring van die Minister bepaal, verkoop of voorsien.

(3) Brandewyn wat ingevolge subartikel (2) aan groothandelaars of distilleerders verkoop of voorsien is, kan deur sodanige handelaars of distilleerders vir handelsdoeleindes gebruik word asof dit die opbrengs van wingerdstokke in die Republiek was.

(4) Brandewyn wat deur die vereniging ingevoer word, word by die toepassing van Hoofstuk I van hierdie Wet, en die Wet op Wyn, Ander Gegiste Drank en Spiritualieë, 1957 (Wet No. 25 van 1957), en die regulasies kragtens genoemde Hoofstuk of laasgenoemde Wet uitgevaardig, geag brandewyn te wees wat uit die produk van wingerdstokke in die Republiek vervaardig is en voldoen aan die vereistes beoog in artikel 9 (1) (*a*) van genoemde Hoofstuk.".

Kort titel.

2. Hierdie Wet heet die Tweede Wysigingswet op Beheer oor Wyn en Spiritus, 1975.

GEDRUK VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, DEUR KAAP & TRANSVAAL DRUKKERS BPK., KAAPSTAD—B1211/14 800.
PRINTED FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, BY CAPE & TRANSVAAL PRINTERS LTD., CAPE TOWN—B1211/14 800.